H/S MONTAGU: JAARVERSLAG 2019

POSBUS 85 MONTAGU 6720 TEL: 023-6141390 FAKS: 0865447251

Dit is vir my ‘n voorreg om my 3 de jaarverslag, as hoof van die Hoërskool Montagu, aan u voor te hou.

Ek neem u op ‘n terugblik oor die afgelope jaar.

1. Personeel

Ons is dankbaar dat ons die jaar met ‘n voltallige personeel kon begin. Een nuwe personeellid het by ons aangesluit. Mev. Dalena Burger vir NS graad 8 en Lewenswetenskappe graad 10 en 11. Mev. Elizma Melville het afgelos tydens Mev. Carien Burger se kraamverlof. Ons is bevoorreg om goed opgeleide onderwysers met harte vir die onderwys en ons leerders aan te stel en in diens te hê.

Mev. Thea Pieterse tree vanjaar af. Ons wil haar bedank vir haar puik werk, opofferings en vriendskap deur die jare. Ons sal haar menswees, toegewydheid en opregte liefde vir ons leerders baie mis.

Die skool het die afgelope jaar ‘n personeel van 34 gehad. Dit het bestaan uit twee en twintig opvoeders en ‘n steunpersoneel van twaalf. Ons het die diensstaat vir 2020 ontvang. Ons leerdertal is konstant en gevolglik het ons die aantal WKOD poste behou.

2. Getalle

Ons leerdertal was vanjaar vir die derde keer deurlopend meer as 520 leerders. Die getalle is tans 526 leerders. Die leerlinggetalle in die onderskeie grade is soos volg:

Graad 12:	103
Graad 11:	126
Graad 10:	109
Graad 09:	100
Graad 08:	88

3. Akademie

3.1 Matriekuitslae 2018: Ons graad 12-klas van 2018 het baie goeie rekenskap van hulself gegee. Hulle behaal ‘n 98% slaagsyfer in die Senior Sertifikaat-eksamen. Drie leerders slaag met onderskeidings.

Ons top kandidate is soos volg:

1. Maryn du Toit (7 Onderskeidings; 94 % gemiddeld))
2. Zéann Sauer (5 Onderskeidings)
3. Olga van Dyk (5 Onderskeidings)
4. Elzé Kriel (5 Onderskeidings)
5. Nicole van Zyl (3 Onderskeidings)
6. Tamsyn Tromp (3 Onderskeidings)

Uit dié klas het 12 leerders met B-gemiddeldes geslaag en ‘n verdere 27 leerders slaag met ‘n gemiddeld van bo 60%. Die groep van 93 leerders het gemiddeld 4,5% beter gevaar in die bevorderingseksamen, as in die interne September-eksamen. Van die 93 leerders voldoen 70% aan Graadstudievereistes. Altesaam 58 A-vaksimbole word behaal. Ons is saam met die leerders en hulle ouers baie trots op die puik uitslae van 2018. Dit is ‘n bewys dat die aka-

demiese standaard van die skool baie goed is en dat leerders onderrig van ‘n baie hoë gehalte ontvang.

3.2 Akademie 2019: Vanjaar word goeie prestasies op akademiese gebied gelewer. Daarvan getuig die 14 leerders wat hulle akademiese erekleure behaal, die 17 leerders wat akademiese half-erekleure behaal en die 162 akademiese pryswenners.

3.2.1 Assessering en onderrig: Die hele skool skryf vier eksamens - ‘n verkorte eksamen in Maart en September en volle eksamens in Junie en November. Die graad 12-klas het September hulle gebruiklike proefeksamen geskryf. Leerders se vordering is verder deur gereelde toetse, tuiswerk en opdragte gemonitor. Die vordering van leerders is goed. Korrektiewe stappe is geneem waar nodig. Ten einde ons graad 12-klas deeglik voor te berei vir die eindeksamen, is daar ‘n vergadering gehou met die leerders en hul ouers. Daar het ‘n inligtings- en motiveringsgeleentheid plaasgevind en met die hulp van die Ondersteunersklub is `n ete vir al die matrieks in die klubhuis gehou. Alle onderriglokale is toegerus met ‘n dataprojektor en rekenaar en onderwyspersoneel ontvang deurlopend opleiding in die gebruik van rekenaarondersteunde onderrig.

3.2.2 WKOD Sistemiese Toetse: Die uitslag van die WKOD Sistemiese toetse van die graad 9 klas van 2018 vergelyk goed met vorige jare se uitslae in Wiskunde en Taal-vaardighede. Daar kan in die toekoms ook na goeie Matriek-uitslae uitgesien word. Ons graad 9 groep het toetse onder gekontroleerde omstandighede geskryf, wat ekstern nagesien is. Die groep behaal 50% in Wiskunde (dit is 27% bo die provinsiale gemiddeld) en 74% in Afrikaans (dit is 23% bo die provinsiale gemiddeld).

3.2.3 Bio-Science Global Olimpiade: 29 Wiskunde Geletterdheid leerders van Gr 10 – 12 van Hoërskool Montagu het deelgeneem aan die Bio-Science Global se Olimpiade. Skole regoor Suid-Afrika het deelgeneem. Isobel Telford (Gr. 12) beklee die eerste plek in Suid-Afrika met 95%. Tariq Dollie en Franzel Kees, albei Gr. 11 – leerders, het ‘n 10de plek behaal met ‘n persentasie van 86%. Die top 10 leerders se punte word gebruik om die skool se gemiddeld te bereken. Die leerders se punte gee Hoërskool Montagu ‘n 9de plek in dié landswye Olimpiade. Baie geluk aan bogenoemde leerders met hulle puik prestasie. Ek wil graag Mev. Louise van Rensburg bedank en gelukwens met hierdie puik uitslae.

3.2.4 Blitsbrein 2019: Blitsbrein word geloods deur Media24. Hierdie aanlyn-algemene-kenniskompetisie se uitdunrondte is op 2 Augustus gehou. JG van Deventer behaal 'n 8ste plek in die Wes-Kaap in die junior afdeling, terwyl Franco Hugo 'n 6de plek in die senior afdeling behaal. Beide leerders dring deur na die finale rondte.

4. Dissipline en Skoolbywoning

Die pad na ‘n suksesvolle skool begin by dissipline, wat op sy beurt begin by korrekte skooldrag en goeie klaskamerdissipline. Die gedragskode vir 2019 is aan die begin van die jaar met elke leerder in die skool behandel en elkeen het 'n afskrif daarvan ontvang. Daar word van die onderwyspersoneel en leerlingleiers verwag om die gedragskode toe te pas en afwykings dadelik aan te spreek. Oor die algemeen kom die groter meerderheid van ons leerders die gedragskode nougeset na. Ons leuse vir vanjaar is: “SOS: Selfdissipline Ontgin Sukses.”

Goeie maniere en die regte waardes is die grondslag vir die gesonde voortbestaan van ons skool, dorp en land. Hoërskool Montagu streef daarna om te help verseker dat dit wel die geval is, deur spesifieke waardes en beginsels jaarliks na te streef en uit te leef. Die skool se Dissipline- en Beleidskomitee, onder leiding van mnr. Theuns Carstens, sorg dat alle beleidstukke in plek is. Oor die algemeen is die dissipline van HSM goed. Kleredrag van die leerlinge is netjies en korrek, hulle gedrag is goed en akademiese verpligtinge word nougeset nagekom. Die huidige dissiplinestelsel werk goed en wanneer afwykings voorkom, word die nodige korrektiewe stappe geneem wat die volgende insluit: strafklasse, ouergesprekke, die weerhouding van voorregte en tydelike skorsing. Min ernstige dissiplinêre oortredings het die afgelope jaar plaasgevind en slegs `n paar dissiplinêre gesprekke het plaasgevind. Oor die algemeen is ons leerders se skoolbywoning baie goed en is die gemiddelde weeklikse teenwoordigheidsyfer bo 95%.

5. Beheerliggaam en skakeling met ouers

Die Beheerliggaam funksioneer voluit en het die afgelope jaar twee maal per kwartaal vergader. Die ampsdraers is as volg: Voorsitter: Mnr. Theuns Carstens, Ondervoorsitter: Mnr. Juan Swanepoel, Tesourier: Mnr. Philippie Olivier en Sekretaresse: Dr. Nadine van Zyl.

Die onderskeie sub-komitees funksioneer onder die leiding van die volgende Beheerliggaamlede: Koshuis: Mnr. Vikus Ellis, Dissipline en Beleid: Mnr. Theuns Carstens, Geboue en Terrein: Mnr. Alewyn Hugo, Finansies: Mnr. Philippie Olivier, Sosiaal en Ondersteunersklub: Mev. Leana van Deventer, Bemarking: Dr. Nadine van Zyl en Skoolaktiwiteite: Mev. Ingrid Kriel. Mev. Ingrid Kriel en mnr. Derick Kotzé is opvoederlede, mev. Elizabeth Myburgh is nie-opvoederlid en Tandré Hanekom en Requelle Johnson is leerderlede.

Goeie deurlopende kontak het vanjaar tussen die skool en ouers plaasgevind. Daar is vyf oueraande gehou. Ouers het ook in die 2de en 3de kwartaal die geleentheid gekry om gesprekke met die onderskeie vakonderwysers te voer. Elke maand word daar ‘n maandbrief gestuur aan alle ouers om inligting te verskaf en verslag te doen oor al die aktiwiteite van die skool. Alle maandbriewe word ook op die skool se Facebook-blad en webblad geplaas. Die afgelope jaar is die SMS-stelsel ook gebruik om ouers ingelig te hou. Aan die einde van elke kwartaal is daar ‘n vorderingsverslag aan elke ouerhuis gestuur oor die akademiese vordering en gedrag en samewerking van hulle kinders.

6. Finansies en Fondsinsamelings

Die finansies van die skool word bestuur volgens ‘n begroting wat tydens ‘n ouervergadering op 19 November 2018 goedgekeur is. Die totale begroting vir die 2019-boekjaar beloop R3355009, waarvan die WKOD R429558 (12,8%) van die fondse verskaf. Die res van die inkomste (87,2%) word hoofsaaklik verkry uit ouerbydraes. Ons verwagte uitgawes beloop R3355009 waarvan 48% gaan vir akademie; 21% vir terrein en toerusting; 25% vir bedryfsitems en 6% vir sport en verenigings. Mev. Alida Beets is verantwoordelik vir die ontvangste van kontant en alle betalings en Mev. Liezl Lewis is verantwoordelik dat die skoolgeld getrou ingevorder word deur die nodige stappe teen nie-betalers te neem. Die skool het die afgelope jaar onder andere insamelings gehou vir Die Burger se Kersfonds, die Kankervereniging se “Cupa Day”, “Tekkie Tax”, Rooikruis, DBV, Droogtehulp en “Loslit-dag”.

7. Fisiese Geriewe / Terrein / Toerusting

Die geboue/terrein en toerusting komitee, onder leiding van mnr. Alewyn Hugo, is baie aktief. Daar is die afgelope jaar talle projekte aangepak, wat onder andere die volgende insluit: aankoop van ’n nuwe 65 sitplek bus (2013 model), verf van die saal se verhoog en nuwe agterste gordyne, die uitbreiding en verbetering van die besproeiing, verf van die skoolgebou, nuwe ligte by die klubhuis, plant van bome, verbetering van die atletiek fasiliteite, ekstra bankies as sitplekke, die opgradering van die krieketkolfblad en verbeteringe by die klubhuis en store. Mnr. Strydom en sy span werkers sorg dat ons terrein netjies is en die skoolgebou en toerusting ‘n voorbeeld is vir die meeste ander skole. Meer as R510 000 is hierdie boekjaar uit eie fondse bestee aan onderhoud en instandhouding.

8. Sosiaal

Verskeie sosiale geleenthede is deur die loop van die jaar gereël. Al die byeenkomste is baie goed ondersteun. Dit het onder andere die volgende ingesluit: ‘n Valentynsbal, Opedag, Mnr. & Mej. Hoërskool; Winterbal, Juniorbal, ‘n “Groot Brag”, Matriekafskeid, Modeparade en verskeie sokkies.

8.1 Valentynsbal: Op 1 Februarie 2019 is daar ‘n Valentynsbal gehou met die tema “Around the World”. Al 140 kaartjies is uitverkoop en veral die graad 12’s was in groot getalle daar. Die Senior VRL het baie moeite gedoen om die saal mooi te versier en die leerders het spoggerig gelyk. Baie dankie aan almal wat die Valentyns-dagverkope en “Sivvie” dag ondersteun het. Dit is verblydend, om die groot getal kinders in “sivvies” te sien.

8.2 Mnr. en Mej. HSM: Op Donderdag, 9 Mei, het die deelnemers aan Mnr. en Mej. HSM 2019 weer gewys dat hul stylvol en vol inisiatief is. Met die tema “Wêreldbeker Japan” het die leerders die loopplank betower in die verskeie afdelings. Requelle Johnson (hoofmeisie) en Tandré Hanekom (hoofseun), was die bekwame seremoniemeesters vir die aand. Die beoordelaars het hierdie jaar ‘n moeilike taak gehad, want al die deelnemers was sterre. Die wenners was as volg: Mej. HSM – Anke le Grange, Mnr. HSM – John Wright, Mej. Junior HSM - Carli Prins en Mnr. Junior HSM - Chris Carstens. Mej. Persoonlikheid: Kayleigh Maritz, Mnr. Persoonlikheid: Nigel Pearson, Mej. Bene: Suné den Engelsman en Mnr. Lyf: Tshepo Mzondi.
Baie dankie aan die BK, onder leiding van Mev. Ruth van Niekerk en Mnr. Johandré Olivier, vir die reëlings van die aand en al ons borge wat ons so getrou ondersteun.

8.3 Winterbal en Juniorbal: ŉ Baie suksesvolle Winterbal is op Woensdag 12 Junie 2019 in die skoolsaal aangebied, met die tema 'Snow White and the Huntman'. Die Senior VRL is verantwoordelik vir dié pragtige, stylvolle aand. As gevolg van die gewildheid van ons Winterbal, is daar besluit om ook `n Juniorbal op Donderdag 13 Junie 2019 te hou. Dit het hoofsaaklik bestaan uit graad 7 tot 9 leerders. Die Junior VRL was verantwoordelik vir `n puik aand van dans, eet, lag en gesels.

8.4 Matriekafskeid: Op Donderdag, 19 September 2019, het die matriekafskeid plaasgevind. 2019 se matriekklas is die grootste in die skool se geskiedenis. Om die rede is die matriekafskeid nie in die skoolsaal gehou nie. Die matrieks en hul metgeselle arriveer in spoggerige rygoed by die skool. Hulle het hul "walk of fame" op die rooi tapyt, waar 300 toeskouers hulle toejuig. Na hulle 'n draai geloop het in die saal, vertrek hulle na die geselligheid. Die matrieks was baie stylvol aangetrek en het die aand onder die sterre gedans en gekuier. Baie dankie aan die komitee, die 20 graad 11 kelners, Anke le Grange(gasvrou) en Johvanno Hoffman (gasheer) wat die aand spesiaal gemaak het vir die matrieks.

8.5 Modeparade: Die modeparade het dieselfde aand as die matriekafskeid plaasgevind. Dit het die matrieks die geleentheid gebied om met hulle metgeselle van hulle matriekafskeid op die loopplank te verskyn. Dit was 'n eerste vir die Monties en ons het baie komplimente vir die aand en ons matrieks ontvang. Die reëlings is deur Mevv. Janine Beukes en Elmarie Rossouw getref. Ek wil graag die graad 8 ouers en -leerders bedank en gelukwens met hulle bydrae om die aand 'n sukses te maak.

9. Leerlingleierskap: Leerlinge het die geleentheid gekry om op verskeie rade te dien en leiersposisies te beklee. Die skool kies 'n Bestuurskomitee wat uit twaalf Graad 12 leerders bestaan. Die komitee funksioneer as 'n sub-komitee van die Raad van Leerders. Vanjaar het ons vir die tweede keer die Raad van Leerders vergroot deur 6 leerders per graad te verkies. Die Junior VRL (graad 8 en 9) en Senior VRL (graad 10 en 11) het puik funksioneer. Tandré Hanekom en Requelle Johnson verteenwoordig die raad op die Beheerliggaam. Elke registerklas kies vir hulself twee klasleiers en leerders kry verder ook die geleentheid om as VCSV-kringleiers, Indaba-redaksielede, Landsdiensleiers, Biblioteekprefekte en sportkapteins op te tree.

Requelle Johnson het vanjaar Die Burger se Jeug-leierskonferensie in Kaapstad bygewoon. Sy is een van slegs 25 DOGTERS uit die hele Wes-, Oos- en Noord-Kaap op dié seminaar. Dit is vanjaar die 22 ste agtereenvolgende jaar dat 'n leerderleier van ons skool gekies is, vir dié seminaar.

9.1 Ons Bestuurskomitee vir 2019 is as volg:

Hoofleiers: Tandré Hanekom en Requelle Johnson, Onderhoofleiers: Ferdi Coetzee en Mishka Lakey. Lede: Cherwin de Koker, Nicole Haupfleisch, Gurshwin Jass, Reshenda Johnson, Frede Mellet, Jandré Mellet, Dmitri Moses en Henry Viljoen.

9.2 Ons Verteenwoordigende Raad van Leerders vir 2019 is as volg:

Graad 08: Ewan Coetzee, Willem Nel, Carli Prins, Nina Stemmet en Shani Viviers.

Graad 09: Chris Carstens, Brooklyn Kiewiets, Janie Marais, Nienke Strauss, Amaris Strydom en JG van Deventer .

Graad 10 Ankia Ellis, Tshepo Mzondi, Cobus Nel, Dirk-Louw van der Westhuizen, Zindi van Zyl en John Wright.

Graad 11:Jonica Adendorf, Jamay Belelie, Hanél Gous, Enrike Groenewald, Sylvester Moses en Tiaan Viviers,

Graad 12:Tandré Hanekom en Requelle Johnson, Ferdi Coetzee en Mishka Lakey.

10. Bemarking en Ondersteuning

Die skool se Bemarkingskomitee, onder leiding van dr. Nadine van Zyl, het vanjaar verskeie bemarkingsaksies geloods. Persoonlike gesprekke, skoolbesoeke, korrespondensie, die media en die skool se webwerf is gebruik om die skool te bemark. Daar is ‘n graad 7-opedag en -oueraand gehou om die skool bekend te stel. Die nuwe benadering en aanbieding het daartoe bygedra dat beide dié geleenthede goed ondersteun is en die graad 7 leerders met nuwe oë en opwinding uitsien na 2020.

Die Ondersteunersklub onder leiding van mnr. Alewyn Hugo het gereeld vergader. Mnr. Alewyn Hugo (voorsitter) en Dr. Nadine van Zyl (sekretaresse) se termyn is verby. Ons wil hulle hartlik bedank vir hulle leiding, tyd en groot bydrae wat hulle gelewer het. Baie geluk aan Mnr. Jacques Carstens (voorsitter) en Mev. Henriëtte Coetzee (sekretaresse) wat verkies is en baie sterkte vir u werksaamhede.

Die skool se Ondersteunersklub het op 23 Februarie 2019 ’n geborgde Gholfdag op die baan van Montagu Gholfklub aangebied. Onder leiding van Mnr. Hugo en sy span was dit die grootste gholfdag nóg vir die Monties. Die dag het ’n mooi opbrengs van meer as R90 000 opgelewer. Vanuit hierdie oord, baie dankie vir almal wat ’n oop hand vir die skool het en ons skool getrou ondersteun. Hulle was die afgelope jaar baie aktief en doen waardevolle werk vir die skool. Die Ondersteunersklub het verskeie projekte by die skool aangebied: ‘n Motiveringsgeleentheid en ete, is vir die graad 12 leerders aangebied, 60 jaar feesvieringe word gereël, aansporingspryse vir die toppresteerders in elke graad word geborg, daar is vir toergroepe se vervoerkoste ingestaan en verskeie sportsoorte ontvang befondsing om afrigtingsklinieke aan te bied. Daar word ook kwartaalliks ’n geselligheid gehou.

Ek wil alle ouers aanmoedig om betrokke te raak. Die Ondersteunersklub is ’n uitstekende geleentheid hiervoor. Onthou: “ ’n Betrokke ouer is ’n gelukkige ouer– net soos die leerders!”

11. Koshuis

Die skool se Koshuiskomitee, onder leiding van mnr. Vikus Ellis, funksioneer goed en sorg dat alles glad verloop by die koshuis. Die afgelope jaar is daar 48 leerders in die koshuis. Deur die loop van die jaar het verskeie aktiwiteite by die koshuis plaasgevind. Deel daarvan is die Waatlemoenfees, Nuwelinge-konsert en Tafeltennis kompetisie.

12. Toere en uitstappies

Vanjaar is leerlinge op verskeie toere en uitstappies geneem. Dit het onder andere ingesluit: deelname aan sportdae, Landsdienskampe, ‘n rugbyweek, en ‘n netbal- en hokkietoer. Die eerste netbaloefengroep van 2019, het die naweek van 8-11 Maart, na Lutzville getoer. Ons speel teen Worcester Gim vir die 3de plek en wen met twee doele in 'n baie goeie wedstryd en eindig 3de by die toernooi! Na twee dae se netbal wen ons 4 van die 5 wedstryde.
Die 1ste seuns- en dogter hokkiespanne het vanaf die 15de tot die 18de Maart, Ceres se hokkiekliniek bygewoon. 14 Wedstryde is in totaal gespeel waarvan ons 11 wen.
Die eerste rugbyspan, onder leiding van mnr. Morné Roos, het vanaf 15 Maart tot 20 Maart deelgeneem aan die Oakdale-rugbyweek op Riversdal. Ons wen 2 van die 3 wedstryde.

13. Buitemuurse bedrywighede

‘n Baie vol, goed georganiseerde en gebalanseerde buitemuurse program het vanjaar by HSM plaasgevind. ‘n Kenmerk op buitemuurse gebied is beslis die goeie deelname aan buitemuurse bedrywighede en die uitstekende prestasies wat ons leerders lewer in ‘n wye verskeidenheid aktiwiteite. Vanjaar word 34 half-erekleure en 25 erekleure-toekennings gemaak vir buitemuurse aktiwiteite. Die volgende personeellede staan aan die hoof van die aktiwiteite:

Atletiek	Mev. Elmarie Rossouw
Rugby	Mnr. Morné Roos
Netbal	Mev. Elmarie Rossouw
Hokkie	Mev. Janine Beukes
Tennis	Mev. Janine Beukes
Krieket	Mnr. Morné Roos
Gholf	Mnr. Johandré Olivier
Indaba	Mev. Petro Brits
Skoolkoor	Mnr. Jaco Beeslaar / Mev. Ingrid Kriel
Noodhulp	Mev. Anandi van Brouwershaven
CSV	Mev. Louise van Rensburg / Mnr. Pieter Booysen
Landsdiens	Mev. Salomé Burger
Skaak:	Mev. Petro Brits
Biblioteek	Mev. Ina van Heerden
Redenaars	Mev. Petro Brits

14. Sport

Leerders neem deel aan atletiek, rugby, krieket, tennis, netbal, hokkie, skaak en gholf. Ek lig slegs ‘n paar hoogtepunte uit.

14.1 Interskole 2019: Die dertiende interskole tussen Montagu en Bredasdorp het alreeds in Februarie vanjaar aanvang geneem met tennis en krieket. Op Saterdag 17 Augustus is dit met rugby, hokkie en netbalwedstryde op Bredasdorp afgesluit. Daar het altesaam 36 kragmetings plaasgevind wat punte getel het.
Op die dag behaal Bredasdorp oorwinnings in die eerste spanwedstryde van dogters-hokkie, en netbal. Ons wen die eerste spanwedstryde in die rugby en die seunshokkie. Bredasdorp verower vanjaar vir die vyfde keer die trofee vir die skool wat die meeste punte behaal. Die dag is gekenmerk deur goeie sportmangees wat deur beide skole openbaar is.

Ons het ook baie komplimente ontvang vir ons sportmanne en -vroue se voorkoms, gedrag en sportmangees. Vanjaar was ons leerders se pawiljoenoptrede en samewerking ‘n puik advertensie vir die skool. Baie dankie daarvoor.

14.2 Tennis: Ons het vanjaar agt tennisspanne wat die afgelope seisoen nie minder as 50 wedstryde gespeel het. Verder is ons bevoorreg om spesialis afrigting te kry vir ons spanne by Wimpie Helmand. Die eerste span het aan die Afslaantoernooi by HS Strand deelgeneem. Bredasdorp het ook aan die toernooi deelgeneem. Montagu se eerste spanne vaar puik en klop Bredasdorp in die laaste rondte. Hiermee wen ons die toernooi en verower die eerste-spanlede goue medaljes.

Die jaarlikse Interskole kragmetings teen Bredasdorp is reeds in Februarie afgehandel. Die 1ste en 2de spanne het tuis gespeel en die 3de en 4de spanne het die pad Bredasdorp toe aangedurf. Die wedstryde was baie spannend! Baie geluk aan die 1ste seuns-, 2de dogters- en die 4de seuns- en dogtersspanne wat gewen het. Baie dankie aan elke tennisspeler vir wedstryde wat gekenmerk is met deursettingsvermoë en baie mooi sportmansgees. Die tennis eindig gelykop.

Vier tennisspelers van Hoërskool Montagu is gekies om Noord-Boland te verteenwoordig in die Plattelandtoernooi in Worcester. Hanél Gous, Tandré Hanekom, Suné den Engelsman en Nienke Strauss het tussen hulle vier, slegs een enkelspel verloor!

Anro Nel het einde Oktober 2018 gekwalifiseer om aan die 0/14 SA Meesters deel te neem. Die top 8 in Suid-Afrika neem deel en hy behaal ’n derde plek. Anro is daarna deur die Internasionale Tennis Federasie genooi om aan 3 x 0/18 internasionale toernooie (ITF) deel te neem. Hier is hy een een van drie 0/16 deelnemers van Afrika wat genooi is en deel uitgemaak het van die 0/16 ITF ontwikkelingsspan. Tydens die Desembervakansie het Anro aan twee TSA 0/16 toernooie deelgeneem en in beide 2de geëindig. Anro is ook in die o/15 Bolandspan opgeneem en beklee tans die eerste posisie.

Hierna het Anro deelgeneem aan inter-provinsiale toernooie en is daarna in die 0/15 SA skolespan opgeneem. Anro behaal ook hier die uitsonderlike prestasie deur eerste te eindig. Anro het hierdie jaar aan verskeie 0/18 ITF toernooie deelgeneem. Hy was in Botswana , Namibië en in Mauritius. Hy het ook aan 0/18 ITF toernooie in SA deelgeneem. Dit was in Potchefstroom, Johannesburg , Pretoria en Stellenbosch. Anro het ook goed gedoen en het van posisie 2315 op die wêreld 0/18 ranglys gespring tot posisie 889 huidiglik. Hy beklee ook tans die eerste posisie op die Suid-Afrikaanse 0/15 ranglys.

14.3 Atletiek: Dit was vanjaar die 55 ste kleurebyeenkoms. Hierdie jaar se kleurgroepe het weer gesorg vir ‘n atletiekfees vir die oog – en vir die oor! Dieselfde tema wat deur al twee groepe gekies is, het die kompetisie nog meer opwindend gemaak. Die Rooispan en die Groenspan se getalle was vanjaar weer baie gelyk en daarom was die kompetisie van die begin af baie ernstig.

Die Veelsydigste seun wat die meeste punte vir sy span bymekaargemaak het, was Dirk Louw van der Westhuysen. Janie Marais het met haar 3613 punte die beker verower vir die veelsydigste dogter. Nillian Terblanche, het die gesogte trofee verower as Senior Victor Lodorum en die Junior Victor Lodorum was Leewin Swartz. By die dogters het Zhané Stanfliet die Junior Victrix Lodorum verower en Deborah Brown die Senior Victrix Lodorum – net soos in 2018. Die beste prestasie van die dag was 751 punte, wat deur Casey-Lee Wilschut ver-ower is, met haar gewigstoot-afstand.

Daar is ook gekyk na die atleet wat heeldag met ‘n positiewe gesindheid en groot sportmanskap deelgeneem het. Daar was verskeie atlete wat beindruk het, maar Phillip Olivier het die prys vanjaar verower vir sy entoesiastiese betrokkenheid op vele terreine deur die loop van die hele byeenkoms. Daarmee kry hy die Build It-toekenning: “Move it - move it”

Twee rekords is verbeter: Henko le Roux verbeter ’n 15 jaar oue rekord by die 0/14-Diskus met ‘n alemintige 2m. Ajera le Kay verbeter juffrou Mari-Lena Joubert se 2008-Driesprongrekord met 30 cm. En dan het die groot toekennings gegaan aan: Pawiljoenbeker: Rooispan Spanbeker: Na ‘n droogte van 6 jaar oes die Rooispan vanjaar ook die spanbeker in. Hul groot aantal deelnemers se gemotiveerde poging het beslis vrugte afgewerp.

Die Montiespan het goeie uitslae behaal op die Noord-Boland byeenkoms deur 7 Goud, 7 Silwer en 6 Brons te verower. Shawn Conradie se 3 000m was die 7de beste uitslag van die dag(778 punte op die ASA-tabel). Eerste plekke is behaal deur: Ajera le Kay (100m hekkies), Shaun Conradie (3000m en 1500m), Chris Carstens (gewigstoot), Casey-Lee Wilschut (gewigstoot), Deborah Brown (100m hekkies) en Kaylin Fortuin (verspring). Hierna word 13 atlete in die Noord-Bolandspan opgeneem om aan die Boland Kampioenskappe te gaan deelneem.

Tydens die Boland Hoërskole Atletiek Kampioenskappe het Curwin Cupido ‘n silwer medalje in die 400m hekkies behaal. Vyfde plekke word behaal deur: Shaun Conradie (3000m en 1500m), Chris Carstens (gewigstoot) en Kaylin Fortuin (200m).

14.4 Hokkie: Ons het vanjaar 8 spanne. Vrydag, 1 Maart, is die hokkieseisoen amptelik geopen met 'n hokkiekliniek wat deur Vossie en Ammi van Stellenbosch aangebied is. Ons het vanjaar ook die Laerskool se hokkiespelers genooi om deel te neem. In totaal het 70 hokkiespelers die middag bygewoon!

14.5 Krieket: Twee seuns- en een dogterspan neem deel aan wedstryde. Al drie spanne vaar puik en gee baie goeie rekenskap van hulself (seuns o/19 en o/15 en dogters o/18). Cobus Nel en Pernell Mandes is opgeneem in die Noord-Boland 0/17 span, Leewin Swartz in die Noord-Boland 0/15 span en Willem Nel in die Noord-Boland 0/14 span.

14.6 Netbal: Ons het vanjaar veertien spanne. Dinsdag 9 April het die omliggende skole die Langeberg-Sone se jaarlikse proewe op Robertson gehou. Baie geluk aan die 14 leerders wat opgeneem is in die Langeberg-Sone Netbalspan. Maandag 15 April het ons speelsters deelgeneem aan die Wynland-Noord proewe. Van die 14 speelsters is 5 opgeneem in die Wynland-Noord span. Baie geluk aan Claudine Soldaat, Gwenlynne Plaatjies, Suné den Engelsman, Zindi van Zyl en Carli Prins wat opgeneem is in die Wynland-Noord span. Gwenlynne Plaaitjies is ingesluit in die 0/18 Boland Wynland Netbalspan.

14.7 Gholf: Daar is vanjaar een gholfspan wat op ‘n gereelde basis deelneem aan ligawedstryde. Dit vind plaas Maandae op verskillende bane.

14.8 Karate: Einde 2018 het Zindi van Zyl, Anton Jordaan, John Wright en Christiaan Marais deelgeneem aan die Gujo Kai Kampioenskappe te Stellenbosch. Zindi van Zyl behaal ‘n brons medalje in Unison, Anton Jordaan behaal ’n silwer medalje in kumite (vegkuns) en Christiaan Marais behaal ’n brons medalje in Kumite. John is beseer tydens die toernooi en moes onttrek.

Carlene Mazenga verwerf Noord-Boland in karate. Tydens die Boland Karate Kampioenskappe op 3 Augustus 2019 het Christaan Marais brons verwerf in kumite (vegkuns). Anton Jordaan het goud verwerf in kumite en John Wright het silwer verwerf in kumite en kata. Tydens die SA Kampioenskappe in Port Elizabeth op 19 September 2019 behaal Anton ‘n brons medalje in kumite en bunkai en John behaal ‘n silwer medalje in kumite en brons in unison en bunkai. Baie geluk!

14.9 Rugby: Ons het vanjaar 6 spanne. Chris Carstens, JP Herling en Jaco Kriel word in Noord-Boland spanne opgeneem. Baie geluk aan Maxwell Klaasen wat ingesluit is in die Boland- o/20 rugbyspan. Ons is baie trots op jou Max!

Rynhardt Elstadt, oud-leerder van Hoërskool Montagu, het sy debuut vir die Springbokke gemaak teen Australië. Baie geluk Rynhardt, ons is jou grootste ondersteuners en die hele gemeenskap van Montagu is ongelooflik trots op jou!

4.10 Skaak: Geriant Segelaar en Stephanie Scheepers is opgeneem in die Boland-skaakspan. Hulle het deelgeneem aan die SA-kampioenskappe in Kimberley.

14.11 Wedstryde en Sportdae: Deur die loop van die jaar het ons wintersportspanne aan sportdae teen Piketberg, Robertson, Stellenbosch, Bonnievale, Langenhoven, Montana, Overberg, Langenhoven Gimnasium, Punt, Charlie Hofmeyr en Bredasdorp deelgeneem. Meer as 250 wedstryde het plaasgevind.

15. Verenigings & Kultuur: Leerlinge het deelgeneem aan onder andere die skoolkoor, Revue, Landsdiens, CSV, die skoolkoerant, drama, musiek, dans, redenaars, kuns, toneel, Monties Kultuuraand en noodhulp.

15.1 Revue 2019: *Op reis deur vier seisoene:* Met hierdie jaar se Revue het 160 van ons leerders op reis gegaan deur die vier seisoene. Ons eerste stop was Somer: luilekker op die strand en vol pret en plesier. Daarna was dit Herfs: die seisoen van verandering en vernuwing. Winter was volgende aan die beurt: 'n yskoue Karoolandskap met sy unieke bekoring. Ons laaste seisoen was Lente: vrolik, kleurvol en vol beloftes van nuwe avontuur.

Ons glo almal het die twee aande van musiek, dans, sang en baie pret saam met ons geniet. Baie dankie aan elke leerder en onderwyser wat so hard gewerk het om die Revue van 2019 'n onvergeetlike ervaring te maak. Baie dankie aan Mev. Carien Burger wat in beheer was van hierdie pragtige geleentheid.

15.2 Landsdiens is “Groot” by Hoërskool Montagu! Op Woensdag 23 Januarie 2019, het HSM se Landsdiens leerders die jaar begin met ‘n boeresportmiddag en potjiekos kompetisie. Die Landsdiensklub het ‘n aktiewe jaar gehad waar die vier liefdes van Landsdiens uitgeleef is: Liefde vir God, liefde vir die natuur, liefde vir medemens en die liefde vir arbeid. Die Landsdiens tak van Hoërskool Montagu was baie aktief en verskeie projekte, wat fondsinsamelings insluit, is gehou.

Einde 2018 is ons meegedeel dat, Nicole van Zyl, gekies is om die Wes-Kaap leier te wees tydens die nasionale kamp. Tanika Crafford is ook gekies as Wes-Kaap dogters-leier vir die Junior Kamp. Einde 2018 het Tanika Crafford, Zindi van Zyl en Franco Hugo die nasionale kamp bygewoon. In 2019 word Zindi van Zyl as 1 van 10 leerders uit die Wes-Kaap verkies tot die Provinsiale Junior Landsdiens Bestuur vir die volgende 3 jaar. Baie geluk, Zindi!

Tydens die Wes-Kaap Landsdiens-streekskamp is die volgende leerders gekies vir die Nasionale projek. Baie geluk aan Franco Hugo, Zindi van Zyl, Tanika Crafford en Eben Carstens, asook Philip Olivier as reserwe. Ons is baie trots op julle!

15.3 Skoolkoerant: Mev. Petro Brits is vanjaar in beheer van die Inbaba en die redaktrise is Anke le Grange. Die koerant is van hoogstaande gehalte en werklik iets waarop ons baie trots is.

15.4 VCSV: Die CSV het vanjaar 64 kringleiers en meer as 520 lede wat weekliks samekomste hou. Op 10 Januarie het die kringleiers, onder die leiding van ds. Charl van Rensburg en mev. Louise van Rensburg, deelgeneem aan ‘n opleidingsgeleentheid. Vanjaar is Seidy Hartman en Michaelli Angers onderskeidelik die voorsitter en onder-voorsitter van ons CSV-tak. Nigel Pearson is die Graad 12 verteenwoordiger en Anke le Grange is die Graad 11 verteenwoordiger. Ds. Wynand Olivier en sy vrou, Ilse, het die wêreld-biddag vir die seuns en dogters onderskeidelik gehou. Die boodskap het beklemtoon dat ons moet besef dat gebed sonder aksies, waardeloos is. Elkeen van ons is verantwoordelik vir verandering

deur gebed en dade. Baie dankie vir Locarno en die NG Kerk vir die bydraes tot die Wêreldbiddag-geleentheid.

Pastoor Ivor Swartz het ons besoek. Hy het sy lewensverhaal met die graad 10 en 11 leerlinge gedeel. Hy moedig leerders aan om na mekaar se stories te luister. Sy boodskap is dat ons, ons geleenthede moet gebruik en verantwoordelikheid moet aanvaar vir ons eie lewens en keuses. Dit was ‘n baie spesiale geleentheid met ‘n besonderse boodskap.

15.5 Kunstefeeste: 128 Toekennings!

Die jaar is gekenmerk deur puik prestasies in die kunste.

In Kuns behaal ons leerders 34 toekennings: 2 dubbelgoud, 3 goud, 7 silwer, 12 brons en 10 meriete. Fotografie lewer 42 toekennings op: 3 goud, 13 silwer, 18 brons en 8 meriete. In Drama en Literatuur word 42 toekennings aan leerders toegeken: 11 dubbelgoud, 13 goud, 12 silwer en 6 brons. Dans lewer 1 dubbelgoud en 1 goud en musiek 3 goud en 1 silwer toekennings op. Ons leerders verower ook 4 trofees.

Nienke Strauss behaal dubbelgoud in drama vir haar dialoog en Henko le Roux behaal dubbelgoud in dans. Christiaan Enslin behaal dubbelgoud in kuns en Bertha Bopheka dubbelgoud in letterkunde. Liz Heyns verower die trofee vir fotografie. Carli Prins behaal 5 keer dubbelgoud. Sy kry dubbelgoud in drama vir haar monoloog, dialoog en 3 keer in poësie.

Zindi van Zyl presteer uitsonderlik tydens die kunstefeeste. Sy behaal 4 keer dubbelgoud in letterkunde en 1 dubbelgoud vir kuns. Verder verower Zindi 3 trofees: die trofee vir die beste digitale kuns, trofee vir beste kuns graad 10 en sy word as die algehele wenner van literatuur aangewys. Zindi behaal ook ’n uitsonderlike prestasie deur as een van die top 10 wenners by die McGregor Poetry Festival aangewys te word.

15.6 Biblioteek: Altesaam 17 Bilioteekprefekte het hul balkies ontvang. Baie dankie aan elkeen van julle en baie sterkte vir die belangrike taak. Ons is baie trots op ons biblioteek. Die leerders neem ’n groot aantal boeke uit. Lees help jou taalvaardighede, lees-en leervermoë. Die biblioteek is elke eerste pouse oop, asook aktiwiteitsperiodes. Elke leerder mag 2 boeke uitneem vir ‘n periode van 2 weke. Die biblioteek, onder leiding van mev. Ina van Heerden, het sy sewende verjaarsdag gevier. Ons is baie trots op ons biblioteek. Dit is een van ’n paar skoolbiblioteke wat effektief funksioneer en spog met gereelde nuwe boeke en baie leerders wat dit ondersteun. Seidy Hartman is die hoofbiblioteekprefek vir 2019.

15.7 Musiek: Baie geluk ook aan Henry Viljoen en Enrike Groenewald met hulle puik UNISA musiekuitslae. Albei behaal onderskeidings in hul prakties (graad 7) en teorie (graad 5). Baie geluk met die uitsonderlike prestasie!

15.8 Redenaarskompetisies: Die Junior- en Senior Redenaars-kompetisie het plaasgevind op Donderdag 2 Mei 2019. Dit is verblydend om te sien dat die gehalte van die aanbiedings en aantal deelnemers elke jaar verbeter. Die toesprake was van hoogstaande gehalte. Bertha Bopheka en Kyra Conradie word as die Junior en Senior wenners

onderskeidelik aangewys. Tydens die Montagu Museumdag se Redenaarskompetisie het Tanika Crafford ‘n tweede plek behaal en Kieran Boyce 'n derde plek.

15.9 Noodhulp: 23 Juniors leerders het noodhulp-opleiding by SOZO ontvang en op 9 Februarie het 27 senior leerders die Boksmart Noodhulpopleiding voltooi. Albei opleidings is baie insiggewend en die leerders het dit baie geniet. Die noodhulpspan was goed voorbereid en reg vir die jaar se sportseisoen. Die senior noodhelpers het ‘n meer gevorderde kursus gedoen. Baie dankie vir julle puik werk en hulp tydens die jaar!

15.10 Skoolkoor: Ons is baie opgewonde en dankbaar dat die skoolkoor weer oefen en aktief is. Ons koor onder leiding van Mnr. Jaco Beeslaar en Mev. Retha Schroëder het by die Worcester Eisteddfod 85% behaal. Baie geluk met die puik prestasie!

15.11 Skryfkuns: Die Amateur Skrywersbond het ‘n kompetisie geloods vir amateur skrywers in die kategorieë: kortverhale en digkuns. In die onder 20 kategorie het hulle as volg presteer: Henry Viljoen, eerste plek vir sy kortverhaal. Zindi van Zyl, eerste plek vir haar digkuns, asook tweede en derde plek vir haar kortverhale. Hulle werke is dan ook in die bundel “Kwetterrr!!!” gepubliseer.

5.12 Wêreld hardop-leesdag: Die junior VRL het hul deel gedoen vir hardop-leesdag en gesorg dat die storie wyd versprei word. Hulle was onder andere by die hospitaal, nasorgsentrums en jeug bedienings.

5.13 Leierskap-Kamp: Enrike Groenewald het die Rotary Club se leierskap kamp van 21 tot 24 Maart op Franschhoek bygewoon. Tydens die kamp word sy gekies om die opvolg kamp as leier te Franschoek by te woon. Op 20 September woon sy gevolglik die Ryla-Kamp in Franschhoek by en tree op as ’n leier. Sy is weereens as een van die top leiers geïdentifiseer en is verkies om as senior leier op te tree by die volgende kamp in Maart 2020. Ons is baie trots op haar en baie geluk met die prestasie.

5.14 Nasionale Toneelkompetisie: Isobel Telford en Henry Viljoen het aan die eerste rondte van die Nasionale Toneelkompetisie op 27 Februarie deelgeneem. Henry het op 2 Mei aan die Nasionale Toneelkompetisie, geborg deur kykNET, deelgeneem. Hy het puik terugvoering ontvang!

16. Algemeen

2019 is ‘n besondere geseënde jaar vir HSM. Daarvan getuig die skitterende prestasies wat op ‘n verskeidenheid terreine gelewer is. ‘n Mens kan nie anders as om met dank na die afgelope jaar terug te kyk nie.

Aan die einde van ‘n jaar soos hierdie, is daar vele mense aan wie dank verskuldig is. ‘n Skool kan nie effektief funksioneer sonder ‘n betrokke Beheerliggaam, ouers en gemeenskap nie. Baie dankie vir elkeen wat betrokke is en toerusting beskikbaar gestel het vir die afgelope jaar. ‘n Besondere woord van dank aan die lede van die Beheerliggaam, onder leiding van mnr. Theuns Carstens, vir die ywer en effektiewe funksionering van al die werksaamhede van

die onderskeie komitees. Ook aan die lede van die skool se Ondersteunersklub, onder leiding van mnr. Alewyn Hugo en Jacques Carstens, vir al die projekte wat u die afgelope jaar aangepak het. Ek wil ook baie dankie sê aan die skoolhoofde en personeel van ons voeder-laerskole en die lede van Kring 10 se Kringspan, onder leiding van mnr. Nico Solomon, vir u ondersteuning en goeie samewerking. Baie dankie aan elke ouer/voog wat die belange van die skool op die hart dra en die skool en die personeel ondersteun. Ek kan u verseker dit word waardeer. Ek wil u ook uitnooi om betrokke te wees en u hulp aan te bied. Daar is baie terreine waar ouers/voogde betrokke kan wees en net soos die leerders is betrokke ouers/voogde, gelukkige ouers/voogde.

Ons leuse vir vanjaar is: “Selfdissipline Ontgin Sukses”. Uit die talle briewe wat ons ontvang het, is dit duidelik dat ons leerders dit vanjaar uitgeleef het.

Die grootste uitdaging is om elke leerder te help om hulle volle potensiaal te bereik en in die proses ook `n verskil in die lewens van elke leerder te maak. Elke leerder word as individu erken en ons glo daarin om elkeen se hart raak te sien. Effektiewe leer en onderrig kan net plaasvind in `n omgewing waar daar `n duidelike raamwerk en grense vir dissipline is, wat konsekwent toegepas word. Die prestasies van 2019 was `n spanpoging waar beheerliggaam, onderwysers, leerders en ouers/voogde saamgewerk het. Sonder u samewerking en ondersteuning is die prestasies wat ons vanaand eer, nie moontlik nie. `n Beheerliggaam wat effektief funksioneer en ondersteuning en ruimte bied waar leer optimaal kan plaasvind, is van kardinale belang.

‘n Spesiale woord van dank aan al die personeel van die skool. Dit is ‘n voorreg en ‘n eer om saam met u te werk. Die sukses van die afgelope jaar was ‘n spanpoging. Laaste, maar nie die minste nie. Dank aan ons Hemelse Vader, sonder wie ons niks sou kon bereik nie. “Nisi Dominus Frustra”.

MNR. TERTIUS PRINS
Skoolhoof: Hoërskool Montagu
08 Oktober 2019